# HOËRSKOOL PORTERVILLE

31 MAART 2023 | KWARTAALBRIEF 1/23

tel: 022 931 2174 | e-pos: sekretaresse@porterhs.co.za

www.hsporterville.com Hoërskool Porterville hsp_bulle

## Uit die hoof se kantoor

Geagte Ouers en Leerders

Wat 'n belewenis was hierdie kwartaal nie!

As jy vir 'n oomblik sou stilstaan, is dit met ongeloof wat 'n mens terugkyk op die afgelope nege weke. Ons het 'n 100-tal en 'n paar 50-talle gesien. 'n Bouler wat 7 paaltjies vat. 'n Handvol tennisspelers wat die Bolandspan haal. Atlete wat rekords breek wat niemand gedink het gebreek kan word nie. Rekords wat spat in die swembad. 'n Baie jong gholfspan wat hul opponente laat les opsê. Rolbalspelers en 'n skaapskeerder wat SA's toegaan. 'n Somer-interskole waar ons bykans alles wen. 'n Bulfees waar reën voorspel word en daar skaars 'n druppel val, en so kan 'n mens aangaan.

Dan is 'n mens geneig om jouself af te vra: Hoe is dit alles moontlik in so 'n kort tydjie?

Ongelooflike leerders, onderwysers wat vir absoluut niks terugstaan nie, baie betrokke ouers en mense van die gemeenskap wat geen kinders op skool het nie, maar wat ure vir die skool opoffer. Dit is vir seker waar, maar ek moet byvoeg:

GENADE. Dit alles is genade uit die Here se hand. Dit alles is vir ons geleen deur die Hemelse Vader. Ons verdien niks wat ons ontvang nie en dit wat ons het, kan enige oomblik van ons af weggeneem word. Daarom moet ons dit koester en nie ophou met doen wat ons doen nie. "Genade is die goedgesindheid van God wat Hom daartoe dring om onverdienstelike mense met voorregte te seën." - AW Tozer.

Dit is dan met 'n dankbare hart dat ek vir elkeen wat 'n bydrae gemaak het hierdie kwartaal wil bedank. 'n Spesiale woord van dank aan ons Beheerliggaam wat, ten spyte van hul eie beroepe, steeds Hoërskool Porterville se belange op die hart dra en die skool vorentoe neem.

Geniet die vakansie, rus goed uit, spandeer tyd saam met u familie en vriende. Die belangrikste: maak tyd vir die Here.

**2. SKOOLHEROPENING: 12 APRIL 2023**

Skool heropen: Woensdag, 12 April 2023

Graad 1 – 12: 07:30 – 14:00

Die skool begin met **WOENSDAG** se rooster.

**3. PERSONEEL**

Baie geluk aan mnr. Barnard Steyn wat op Woensdag, 29 Maart 2023 getrou het! Ons wens vir jou en Mev. Steyn 'n geseënde huwelik toe.

**4. A-KANDIDATE / PRESTASIES – NSS-EKSAMEN 2022**

Baie geluk aan die volgende leerling wat by die NSS-eksamen 2022 'n A-gemiddeld behaal het:

Chistine Loubser: 85,00%

**5. LEERDERBYWONINGSBELEID**

Graag bring ons weer die volgende onder u aandag: Indien 'n leerder TIEN dae aaneenlopend afwesig is, daar kontak met die ouers beding is, en daar geen rede of verskoning aangebied word nie, sal so 'n leerder onmiddellik vanaf SOBIS verwyder word. So 'n leerder sal dan heraansoek moet doen om toelating tot die skool.

**6. RAPPORTE / ASSESSERINGSVERSLAE**

U sal saam met hierdie omsendbrief 'n rapport/assesseringsverslag ontvang. Daarin kan u sien hoe u kind gedurende hierdie kwartaal akademies gevorder het. Bespreek dit asseblief met u kind. Diegene wat nie so goed presteer het nie, sal 'n besluit moet neem om vir volgende kwartaal meer getrou te werk. Vergewis uself asseblief van die KABV-slaagvereistes vir die Grondslagfase, Intermediêre Fase, Senior Fase en VOO Fase.

**Grondslagfase: Gr. 1-3**

- Huistaal Vlak 4 ten minste 50%
- Engels Vlak 3 ten minste 40%
- Wiksunde Vlak 3 ten minste 40%

**Intermediêre Fase: Gr. 4-6**

- Huistaal Vlak 4 ten minste 50%
- Engels Vlak 3 ten minste 40%
- Wiskunde Vlak 3 ten minste 40%
- Enige 2 oorblywende vakke (Vlak 3) ten minste 40%

**Senior Fase: Gr. 7-9**

- Huistaal Vlak 4 ten minste 50%
- Engels Vlak 3 ten minste 40%

- Wiskunde Vlak 3 ten minste 40%
- Enige 3 ander vakke (Vlak 3) ten minste 40%
- Enige 2 oorblywende vakke (Vlak 2) ten minste 30%

**VOO Fase: Gr. 10-12**

- Huistaal Vlak 3 ten minste 40%
- Enige 2 vakke (Vlak 3) ten minste 40%
- Enige 3 ander vakke (Vlak 2) ten minste 30% - met dien verstande dat die SBA komponent ingehandig is vir die vak wat nie geslaag is nie.

Ons vestig u aandag daarop dat u asseblief u kind(ers) se rapporte/assesseringsverslae moet onderteken en op **Woensdag, 12 April 2023**, na die skool terugstuur.

## 7. OUERAAND

Daar sal 'n oueraand gehou word op **Dinsdag, 18 April 2023** om u kind se vordering met u as ouers te bespreek. Uitnodigings sal in die eerste week van die nuwe kwartaal uitgestuur word.

## 8. SKOOLDRAG

Leerders trek **SOMERSDRAG** aan totdat ons u oor die wintersdrag in kennis stel. Maak asseblief seker dat u kind se wintersdrag reeds aan die begin van die kwartaal reg is.

## 9. SPORTOEFENING

Sportoefening neem in aanvang op Woensdag,12 April 2023, soos aangedui op middagrooster.

## 10. ATLETIEK

HSP het vanaf 25-27 Januarie 2023 Interhuis Atletiekbyeenkoms gehad. Tydens die byeenkoms het Huis McLean gewen, Huis Pienaar 2de en Huis Bastiaanse 3de gekom. Die Geesbeker wenner was Huis Bastiaanse.

Tydens die HS Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe op 18 Maart 2023 te Dal Josaphat het die volgende atlete prestasies behaal:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Marique van der Meulen | Dogters o/19 | Driesprong | 3de | |
| Marlon Kayster | Seuns o/14 | 100m | 2de | 11,40s |
| | | 200m | 1ste | |
| Essien Muller | Seuns o/15 | Verspring | 4de | 6,43m |

Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe is gehou te Pietermaritzburg op Dinsdag, 21 Maart 2023. Die volgende prestasie is behaal:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Cesario Ruiters | Seuns o/12 | Verspring | 4de | 5,14m |

Interskole Atletiekbyeenkoms was gehou op 15 Februarie 2023. Hoërskool Porterville wen Hoërskool Piketberg 8-0.

**LS BOLAND ATLETIEK**

O/13 BOLAND REKORDHOUERS AFLOSSPAN:

Shantayo Daniels
Lundon Petersen
Warona Modise
Lyle Pieters

**11. TENNIS**

Die volgende leerders is in die Wes-Kaap Kavalierspanne opgeneem.

| | |
|---|---|
| Edrich Redelinghuys | S12 A-span (nr.1) |
| Schalk Theron | S11 A-span (nr.3) |
| Braam Theron | S13 B-span (nr. 3) |
| Jordaan Redinghuys | S11 B-span (nr. 4) |

**12. KRIEKET**

Die volgende spelers is opgeneem in die Weskus-Suid spanne:

O/11
Schalk Theron

O/12
Mihan du Toit
Edrich Redelinghuys

O/15
Braam Theron

O/16
Heinrich Redelinghuys
Jadewin le Fleur
Adolf Knoetzen
Nicholai Diedericks

O/19
Jo-Andrque Brand

INTERSKOLE KRIEKET

Hoërskool Porterville wen interskole teen Piketberg Hoërskool 8-2.

**13. SWEM**

Luan Basson deelname aan Wes-Kaap Swemkampioenskappe:

| | | |
|---|---|---|
| 200m | Borsslag | Goud |
| 200m | Vryslag | Goud |
| 100m | Vryslag | Goud |
| 100m | Borsslag | Brons |

**14. SKAAK**

Daron Maroem is verkies tot die Weskus skaakspan.

**15. NETBAL**

Die volgende leerders is verkies tot die Senior Top 10 Netbal:
*(In alfabetiese volgorde volgens name)*

Carli Perold
Casey Primus
Donlynn Farao
Jacolene du Toit
Leandri du Plessis
Marique van der Meulen
Mia Andreas
Renshé van Rhyn
Stefanie van der Merwe
Tamryn-Leigh Neethling

Junior Top 10 Netbal:

Cassidy Smidt
Chloë Jochims
Desnine Bekeur
Hanné Sass
Imogan Fredericks
Jeneille Swarts
Lara Louw
Lendie Groenewald
Shaneeka Arendse
Zaybonique Andrews

## 16. LS RUGBY

Die volgende spelers is gekies vir die volgende Platteland spanne:

**PLATTELAND A:**
Donniqueco Meyer
Callie Steenkamp
Lorenzo Isaacs
Braam Theron
Lyle Pieters
Lundon Petersen
Shantayo Daniëls
Warona Modise

**PLATTELAND B:**
Eligh Jagers
Edrich Redelinghuys

**REWERWES:**
Caden Mathyse

## 17. HS RUGBY

Die volgende seuns is opgeneem in die Witzenberg rugbyspanne:

0/18 (in alfabetiese volgorde)

Brendon September
Callum van Staden
Damien Engelbrecht
Dandré Killian
Howard Ocks
Jandro Phutego
Keanu Plaatjies
Nathan Gous
Ricky Lesch
RW Duggan
Theuneil Gerber
Xavier Veloen

0/16 (in alfabetiese volgorde)

Joshua Steenkamp
Linrique Mason
McAlister Boer
Tyrone Mbula

## 18. BUITESKOLE SPORT

**WP-SKAAPSKEER**
Anja Cruywagen (gr. 12) is opgeneem in die WP-span.

**BOLAND ROLBALSPAN:**
Eljana Kayser (O/18B)
Paula Viljoen (O/18A)
Jacques Kayser (O/15A)

**19. BULFEES**

Hierdie jaar het HSP ons 12de Bulfees aangebied. Baie dankie aan alle leerders, ouers, personeellede en belangstellendes wat 'n bydrae gelewer het tot die sukses van die fees.

**20. BELANGRIKE KENNISGEWING: INSAKE BUSVERVOER KOSTE**

Vanaf die tweede kwartaal verhoog busvervoer na **R50.00** 'n rit na sport en/of ander byeenkomste.

**21. WEEKPROGRAM**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Woensdag, | 12 April | - | Skool open |
| Donderdag, | 13 April | - | |
| Vrydag, | 14 April | - | |
| Saterdag, | 15 April | - | Rugby en Netbal vs Stellenbosch (tuis) |
| | | - | O/13 Wes-Boland Rugbyproewe (Langebaan) |

Aangeheg vind u die voorlopige kwartaalprogram en middagrooster vir die tweede kwartaal. Geniet die vakansie saam met u kinders.

Vriendelike groete


**J.J. Louw**
SKOOLHOOF

# <u>Middagrooster: 2de Kwartaal – 2023</u>

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Maandag** | Rekenaarlokaal oop | 14:00 | - | 15:00 |
| | Gholfwedstryde | | | |
| | FW (Gr.12) | 14:15 | - | 15:00 |
| | 0/12 en 0/13 Netbal | 14:30 | - | 15:45 |
| | H/S Netbal | 16:00 | - | 17:15 |
| | H/S Rugby | 16:00 | - | 17:30 |
| | 0/19A Rugby | 16:00 | - | 17:45 |
| | Top 10 Netbal | 16:15 | - | 17:45 |
| | VCSV kringleiers | 18:15 | - | 18:55 |
| **Dinsdag** | Rekenaarlokaal oop | 14:00 | - | 15:00 |
| | Wisk (Gr.8, 9, 10) | 14:15 | - | 15:15 |
| | L/S Rugby en Netbal | 14:30 | - | 15:45 |
| | Senior Koor | 14:30 | - | 15:30 |
| | H/S Netbal | 16:00 | - | 17:15 |
| | H/S Rugby | 16:00 | - | 17:30 |
| | 0/19A Netbal | 16:00 | - | 17:30 |
| | 0/19A Rugby | 16:00 | - | 17:45 |
| | Drama | 18:00 | - | 19:00 |
| **Woensdag** | Rekenaarlokaal oop | 14:00 | - | 15:00 |
| | RTT (Gr.11) | 14:15 | - | 15:15 |
| | Wisk (Gr.12) | 14:15 | - | 15:15 |
| | 0/13 Rugby | 14:15 | - | 15:30 |
| | 0/19 Rugby | 16:00 | - | 17:45 |
| | Top 10 Netbal | 16:15 | - | 17:45 |
| **Donderdag** | Rekenaarlokaal oop | 14:00 | - | 15:00 |
| | Wisk (Gr.11) | 14:15 | - | 15:15 |
| | L/S Rugby en Netbal | 14:15 | - | 15:30 |
| | Senior Koor | 14:30 | - | 15:30 |
| | H/S Netbal | 16:00 | - | 17:15 |
| | H/S Rugby | 16:00 | - | 17:30 |
| | 0/19A Netbal | 16:00 | - | 17:30 |
| | 0/19 Rugby | 16:00 | - | 17:45 |
| | Drama | 18:00 | - | 19:00 |
| **Vrydag** | Gholfoefening | 15:30 | - | 16:30 |

# VOORLOPIGE JAARPROGRAM VIR 2023

| | | |
|---|---|---|
| **Maart** | **31** | **SKOOL SLUIT** |
| | | |
| **April** | 01-05 | 0/19 Rugbytoernooi – De Kuilen |
| | 03 | 0/11 en 0/13 Rugby – Kuruman (T) |
| | 07 | Goeie Vrydag |
| | 10 | Gesinsdag |
| | **12** | **SKOOL BEGIN** |
| | 15 | HS Rugby en Netbal – HS Stellenbosch (T) |
| | | 0/13 Wes-Boland Rugbyproewe – Langebaan Pr |
| | 21 | Gr. 12 Letterkunde Uitstappie na Kunstekaap - Kaapstad |
| | 22 | Rugby en Netbal – Curro Langebaan (T) |
| | 25 | HS Rugby en Netbal – Steynville (W) |
| | 26 | Gr. 12 Geografie-uitstappie |
| | ***27*** | ***Vryheidsdag*** |
| | ***28*** | ***Skoolvakansiedag*** |
| | | |
| **Mei** | ***01*** | ***Werkersdag*** |
| | 05 | LS Olifantsvallei Eisteddfod (Citrusdal) |
| | 06 | Rugby en Netbal – Hopefield (W) |
| | 10 | LS Boeresport |
| | 11 | Wiskunde Olimpiade SAMO 2de rondte |
| | 13 | Rugby en Netbal – Vredendal (W) |
| | 16 | Skoolkampioenskappe TOP Skole Netbal |
| | 17 | Interskole Kultuur: Vasvra, Redenaars & Sêr (W) |
| | ***18*** | ***Hemelvaart*** |
| | 20 | HS Rugby en Netbal – Jan van Riebeeck (W) |
| | ***21-28*** | ***Pinksterweek*** |
| | | |
| **Junie** | ***16*** | ***Jeugdag*** |
| | **23** | **SKOOL SLUIT** |
| | | |
| **Julie** | 09-14 | 0/19 Rugby – Hartenbostoer |
| | **18** | **SKOOL BEGIN** |


Hiéraan
weet ons wat
Liefde is:
JESUS
het Sy lewe
vir ons afgelê...
1 Johannes 3:16
GESEËNDE PAASFEES
#DraaiPositief #OnsGlo